



Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Van die Beheerliggaam



Beste Swarries, ouers en personeel,

Maandag, 8 Junie 2020, neem ons die eerste stap in die heropening van ons skool na die grendeltyd wanneer ons die Graad 7 leerders by die skool verwelkom. Daar was soveel onsekerheid met betrekking tot die opening van skole, en nog is dit het einde niet.

Daar is baie in die media berig en gesê oor die optrede van die minister en die Departement van Onderwys in hierdie tyd. Al die kritiek is egter nie geregverdig nie. Dit is ook nodig om hul bydrae te erken en die departement te bedank vir die maskers, saniteerder en ander toerusting wat tot dusver aan elke skool geskenk is en hul bydrae tot die ontsmetting van die skool. Dit is verblydend om te kan sien dat die beste belang van die kind nog steeds die eerste prioriteit is.

Die skoolbestuur en Beheerliggaam het saam die volgende belangrike besluite geneem:

1. Ons graad 7 leerders moet terugkeer skool toe op 8 Junie 2020, **tensy** die Minister van Basiese Onderwys **uitdruklik** oor die naweek opdrag gee dat leerders nie **mag** terugkeer skool toe nie;
2. Ons het in terme van die nuutste regulasies uitgevaardig op 1 Junie 2020, aansoek gedoen om van die voorgestelde infaseringsprogram te mag afwyk;
3. Die doel van hierdie aansoek is uiteindelik om meer besluitnemingsmag in ons eie hande te kan hê en in belang van ons leerders te kan optree om nie voorskrifte hoef te volg wat nie vir ons skool sal werk nie;
4. Die personeel en Beheerliggaam het reeds 'n konsep plan vir die terugkeer van ander grade bespreek;
5. Hierdie planne gaan nie noodwendig vir almal gerieflik wees nie, maar het ten doel om die veiligheid van personeel en leerders te verseker **EN** om leerders die maksimum kontaktyd met personeel te gee by die skool, binne die raamwerk van beperkings gestel deur die Departement van Onderwys;
6. Hierdie planne sal in die volgende week of 2 deeglik getoets word met die terugkeer van ons Graad 7 leerders, en aangepas word waar nodig;
7. Sodra ons enige toestemming van die Departement van Onderwys ontvang en seker is dat die planne wat gemaak is uitvoerbaar is, sal ons verder met u kommunikeer in die verband.

Ons wil ook weer ons ouergemeenskap bedank vir u getroue betaling van skoolfonds. Danksy u betalings kon nog elke maand genoeg skoolfonds ontvang om ons vaste maandelikse uitgawes te kon dek. Ons wil ook alle ouers wat reëlings getref het vir afbetaling of aansoek gedoen het om vrystelling hartlik bedank. Dit is nie 'n lekker proses om deur te gaan nie, met baie papierwerk wat ingevul moet word. Die papierwerk is egter 'n wetlike vereiste en word die skool jaarliks deur die Departement van Onderwys ge-oudit hierop. Indien u reëlings tref kan ons as Beheerliggaam beter beplan en vooruitskattings doen, wat die skool beter laat funksioneer en meer kan doen vir u kind.

Laastens wil ons almal, maar veral ons Graad 7 leerders, ouers en al ons personeel sterkte toewens vir volgende week. Dit is onseker tye, maar as 'n skoolgemeenskap sal ons saam deur hierdie moeilike tyd kom. Die Springbokke het met groot sukses verlede jaar die slagspreuk "Stronger Together" gebruik. Vir ons almal betrokke by Laerskool Swartkop, is dit nou die tyd om hierdie slagspreuk uit te leef in ons skool en gemeenskap. Ons laat u graag met die volgende 2 gedagtes, wat werklik bietjie stof tot nadenke is:

Nothing is permanent in this wicked world. Not even our troubles. - Charlie Chaplin

**It is not the strongest of species that survive, nor the most intelligent, but the one most responsive to change.
- Charles Darwin**



**Grendelstaat
Nuusbrief 5**

5 Junie 2020



Die skrywer Eleanor Doan skryf in 'n gebed vir haar kinders "Gee ons wysheid Heer, om ons kinders die vreugde van regverdigheid te leer". Te midde van 'n onregverdigende wêreld, is dit dikwels vir ons, as ouers, moeilik om hierdie waarde 'n werklikheid in ons kinders se lewe te maak. U kan egter verseker weet dat die skool, in vennootskap met u, as ouer, probeer om hierdie waarde by ons kinders in te skerp. In verband hiermee is dit egter ook waar dat ons, ons kinders meer leer deur wat ons doen, as wat ons sê.

Weereens 'n besondere woord van dank aan die onderwysers, bestuur en beheerliggaam wat ons skool se belange op die hart dra om van hierdie moeilike situasie die beste te maak. Alhoewel daar nog steeds baie onsekerhede is oor wanneer die skool sy volle werksaamhede vir alle grade kan hervat, is ons personeel slag gereed om volstroom die akademiese program vir die graad 7 leerders te hervat. Daar sal ook aanlyn leer vir al die ander leerders aangebied word.

Die terugkeer-program behels die volgende: Maandag, 8 Junie: Slegs graad 7 leerders.
Gepubliseerde datums vir die terugkeer van leerders in ander grade is voorlopig soos volg:
6 Julie - Grade RR, R, 1, 2, 3 en 6; en 3 Augustus - Grade 4 en 5.

"Optimisme is die geloof wat lei tot prestasie, niks is moontlik sonder hoop en vertroue nie." -- Helen Keller

Let wel: Kinders wat skool verlaat weens Covid-19



Leerders tussen die ouderdom van 7 en 16 jaar (Graad 1 tot 9) is skoolpligtig volgens die SA Skolewet. Indien 'n ouer besluit om 'n skoolpligtige kind vir die res van die jaar uit die skool te haal, is daar verskillende scenarios:

- Volgens die bywoningsbepalings in die SA Skolewet (SASW) moet 'n ouer wat nie die skoolpligbepalings wil nakom nie, **toestemming** by die **provinsiale onderwysdepartement** verkry om dit te doen.
- Indien toestemming verkry is, kan oorweeg word om die leerder vir tuisonderrig by 'n kurrikulumverskaffer te registreer wat die leerder aan die einde van die jaar vir die betrokke graad sal sertifiseer.
- **Nie-registrasie** by 'n kurrikulumverskaffer impliseer dan die volgende:
 - Dat die kind strydig met die SA Skolewet van skoolbywoning weerhou is en **ouers vervolgt kan word**;
 - Dat die kind **geen bewys** vir die jaar se leer sal hê nie;
 - Dat **geen formele sertifikaat** (rapport) vir die jaar uitgereik sal word nie; en
 - Dat die ouer moet beseftig dat enige skool die reg sal hê om te bepaal wat die **standaard** van die tuisonderrig was, ongeag of daar 'n sertifikaat uitgereik is al dan nie.

Sou ouers oorweeg om vir 2021 die leerder weer 'n skool in te skryf, hetsy dieselfde skool of 'n ander skool, moet die volgende in gedagte gehou word:

- Die **leerder is 'n nuwe aansoek**, soos enige ander aansoeker, en moet ingevolge die skool en toelatingsbeleid oorweeg word.
- Plek in die skool of graad kan geensins gewaarborg word indien 'n leerder voorheen by dieselfde skool ingeskryf was nie.
- Die skool kan 'n "**plasing-assessering**" doen om te besluit of die leerder wel oor die nodige kennis / vaardighede beskik om in 'n spesifieke graad geplaas te word.
- Dit is nie vanselfsprekend dat die kind saam met sy ouderdomsgroep na die volgende graad bevorder sal word nie, tensy daar 'n formele sertifisering as bewys is dat die inhoud vir 2020 wel bemeester is.
- Die leerder kan dus moontlik deur die skool in dieselfde graad geplaas word waarin hy/sy in 2020 ingeskryf was.

Watter regte het die skool?

Die skool mag nie weier dat die ouer die leerder uit die skool verwyder nie. Skole moet 'n gesprek met die ouers voer en genoegsame inligting aan ouers verskaf om sodoende 'n meer ingeligte besluit te kan neem. Die skool is onder geen verpligting om die leerder tuis te ondersteun nie (tensy die registrasievoorwaardes van die provinsiale onderwysdepartement hiervoor voorsiening maak). Hier kan sekere gevalle binne die skool se beleid hanteer word, bv. 'n leerder van die skool wat 'n onderliggende siekte het bly ingeskryf by die skool en ontvang die nodige ondersteuning. Die skool kan oorweeg om personeel onder voorwaardes wat die skool bepaal, as tutors vir dié leerder beskikbaar te stel. Indien u met ons hieroor wil gesels kan u vir Me Esther Cronjé kontak by esther.cronje@laerskoolswartkop.co.za

Aanlynregistrasies vir graad 1 en 8 vir 2021



Volgens die Departement van Onderwys open die aanlynregistrasies vir Graad 1 en 8 op Donderdag, 25 Junie en sluit weer op Saterdag, 25 Julie. Ons deel meer inligting rondom die proses sodra ons dit van die Departement van Onderwys ontvang.

Ouers van huidige graad R leerders wat volgende jaar in graad 1 gaan wees moet asseblief die [aansoekvorm](#) met stawende dokumente (Geboortesertifikaat, Inentingskaart, ID's van beide ouers en Bewys van adres) aan ons e-pos na inskrywings@laerskoolswartkop.co.za voor **25 Junie**. U kind word by die skool sowel as op die Departement se stelsel geregistreer en daarom benodig ons weer u inskrywingsdokumente asseblief.



Indien u bewus is van nuwe belangstellende ouers wat hul kinders by ons wil inskryf, kan hulle ons kontak deur 'n e-pos te stuur of ons te skakel by die skool. Ons hoop om binnekort 'n datum vir die Opedag bekend te maak.

Afhaal van Werkspakkies en Handboeke



Op **Maandag, 8 Junie** kan ouers wat pakkies bestel het dit kom afhaal in die volgende nuwe tydgleuwe van 9:00 tot 11:00 en 15:00 tot 17:00. Neem kennis dat dit van nou af op **Maandae** gaan gebeur en nie meer op Dinsdae nie, die oggendsessie is ook geskuif om 'n uur later te begin om nie 'n opeenhoping van motors te veroorsaak nie, aangesien die Gr 7 leerders terugkeer op Maandagoggend.

Die volgende skoolmateriaal kan afgehaal word soos aangedui (slegs vir ouers wat dit nie verlede week afgehaal het nie):

- Gr R** Departementele boeke en klankboekies
- Gr 1** Departementele boeke, leë skrifte, leesleë en skryfbehoeftes
- Gr 2** Departementele boeke
- Gr 3** Departementele boeke
- Gr 4** Informele Afrikaanse skrifte en Afrikaanse Opsommingspakkie
- Gr 5** Bordkryt vir visuele kuns
- Gr 6** Wiskunde skrifte van Gr 6L, N, D en W
- Gr 7** Geen

Swarrie Engele – Kruideniersware projek



'n Paar van ons gesinne word reeds sedert die begin van die inperking van kospakkies voorsien. Ons is egter afhanklik van skenkings en wil graag elke Maandag vanaf 8 Junie tussen 9:00 en 11:00 en weer van 15:00 en 17:00 (dieselfde tydgleuf as afhaal van werkspakkies) vir ouers geleentheid gee om skenkings van kruideniersware by die skool te kom aflaai. Graad 7 leerders kan items saambring skool toe. Ons sal 'n houer voorsien waarin items geplaas kan word en dit is deel van die Swarrie Engele Projek van die skool. Baie dankie vir u oop hand en hart. Voorstelle vir skenkings soos volg maar enige ander items sal ook baie waardeer word:

- Gr RR/R:** mieliemeel, koekmeel of blikkies tomatie- en uie sous
- Gr 1:** pasta of wortels
- Gr 2:** rys of soppoeier
- Gr 3:** Blikkies vleis of lemoene
- Gr 4:** Blikkies groente of ontbytppap
- Gr 5:** Koffie/tee of aartappels
- Gr 6:** Langlewe melk of suiker
- Gr 7:** Toiletppapier / badseep of uie

Graad RR - 7 Registerklas kontaktyd



Vanaf Maandag, 8 Junie sal register-personeel weekliks met hulle registerklas se leerders kontak maak op MS Teams. Die tye verloop as volg en ons doen 'n beroep dat u kind dit sal bywoon. Daar sal 'n [link](#) vir die betrokke sessie na u **kind se skool e-posadres** uitgestuur word wat dan deur MS Teams se "meet" funksie bestuur word. Daar sal slegs van die kind se skool e-posadres gebruik gemaak kan word aangesien dit die amptelike geregistreerde domein is.

Graad	Dag	Tyd
Gr RR en R	Maandag	09:00
Gr 1	Maandag	09:30
Gr 2	Dinsdag	09:00
Gr 3	Dinsdag	09:30
Gr 4	Woensdag	09:00
Gr 5	Woensdag	09:30
Gr 6	Woensdag	10:00

Swarrie Swot Skool (MS Teams)



Die leerders kan op hulle eie tempo en eie beplanning skoolwerk doen op **Microsoft Teams**, ook genoem **Swarrie Swot Skool**:

Alle leerders sal toegang hê tot die platform waar die werk wat behandel word beskikbaar sal wees. Die leerders het elkeen nou 'n e-posadres en "password" van die skool. Hierdie e-posadres sal gebruik word om die Microsoft Teams te gebruik. Die e-posadres is u kind se naam.(punt)van@laerskoolswartkop.co.za bv. (jan.vandeventer@laerskoolswartkop.co.za) Die eerste keer aanteken wagwoord is **P@ssw0rd**

'n Volledige video is al deur die ouerforum versprei wat u sal verduidelik hoe om dit te doen. Indien u nog nie die video gesien het nie, kan u [hierdie](#) skakel volg om daarna te kyk.

Graad 4 tot 6 voorgestelde tydsindeling vir 'Swarrie Swot Skool'



Die leerders kan op hulle eie tempo en eie beplanning die week se werk afhandel, maar hieronder is 'n riglyn van hoe leerders hulle dag kan beplan met voorgestelde tydgleuwe. Personeel bied nie lewendig die lesse aan nie en daar sal soos nodig verduidelikings en leerinhoud onder die vak geplaas word.

Graad 4-6 voorgestelde rooster:

Vak Nr	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
1	Wiskunde	NW TEG	Engels	Afrikaans	PSW
2	Engels	Wiskunde	Afrikaans	NW TEG	Engels
3	PSW	Afrikaans	Wiskunde	SW	Wiskunde
4	Afrikaans	Kuns Uitvoerend Musiek	NW TEG	Engels	NW TEG
5	SW	Engels	Kuns Visueel	Wiskunde	Afrikaans

Voorgestelde tye (pas aan volgens persoonlike voorkeur):

Tyd	Vak nr volgens rooster hierbo
07:45 – 08:15	1
08:15 – 08:45	2
08:45 – 09:15	3
09:15 – 09:30	Rustyd
09:30 – 10:00	4
10:00 – 10:30	5

Individuele foto's



Al die **Gr 7 leerders** wat foutiewe foto's ontvang het, of geen foto's ontvang het nie, het geleentheid van 8 - 12 Junie om dit onder hul voorgoedonderwyser se aandag te bring. Ouers moet asseblief 'n brief

saam met die foutiewe foto's terugstuur skool toe waarop die fout beskryf word. Byvoorbaat baie dankie vir u samewerking hierin.

Snoepie Bestellings



Vanaf Maandag, 8 Junie sal die Kospot-snoepie weer oop wees vir etes soos wat die grade infaseer.

Ons versoek asseblief dat ouers hul kinders se etes **vooraf elektronies bestel** sodat aankope daarvolgens gedoen kan word. Gebruik asseblief die skakel vir bestellings:

https://docs.google.com/forms/d/1eOapthwOT6QbCE43KBDCfMGHWN_z0WmhcuBFthWJ9s/viewform?edit_requested=true

Groete - tot ons mekaar weer ontmoet

M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

J STRAUSS
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM